Koninkrykstyd

GRENDEL-GEDAGTES

tema: **Op reis na tuis – ons soeke na 'n tuiskoms (ook in tye van tuisbly)**
teks: **Johannes 1:1-18**

Inleiding
Jerry Seinfeld, die bekende Amerikaanse akteur en komediant, het gedurende die grendeltydperk, een van sy onlangse New Yorkse vertonings op Netflix beskikbaar gestel. Hy lei hierdie vertoning in met 'n baie raak beskrywing van ons as mense. Hy sê aan die gehoor dat ons hele lewe gedefinieer word, nie deur die oomblik waarin ons nou is nie, maar deur die een wat daarna kom. Ons is voortdurend op pad – selfs al is dit net in ons gedagtes – na wat volgende gebeur, na waar ons volgende moet wees.

Ons is inderdaad gedurig op pad, op reis van plek tot plek (letterlik en figuurlik), en dit wil amper voorkom asof ons sukkel om tuis te wees in die oomblik. Die pad waarop ons is bied 'n eindelose reeks van uitsigte en afdraai-paaie met flitsende borde wat die belofte inhou van dít wat ons soek: dalk geluk, tevredenheid, samehorigheid, vreugde, liefde... Hierdie pad het 'n vreemde manier om 'n oënskynlike eindpunt aan te dui wat elke keer met jou aankoms na die volgende bestemming wys.

Vir ons, om op reis te wees of ten minste om aan ander te wys dat jy aan die beweeg is, ís om in hierdie lewe te arriveer. Ons romantiseer dikwels die idee van altyd op pad êrens heen wees, maar of ons waarlik hierin slaag, of ons waarlik so kan leef, is natuurlik 'n ander vraag...

Moderne tuisteloosheid
Ons sukkel met 'n moderne vorm van tuisteloosheid soos die teoloog Miroslav Volf by 'n onlangse reeks lesings by die Universiteit van Birmingham opmerk. Ons sukkel om tuis te kom en selfs al is ons by die huis (soos ons almal gedurende die grendeltydperk moes wees) voel ons nie altyd tuis nie, kom ons nie tot rus nie, bly ons ontuis.

Daar is natuurlik letterlike haweloosheid waarmee ons in die dorp en land gekonfronteer word – armoede en die groeiende vlugtelingskrisis is twee van die hoofredes hiervoor en dit is van die ernstige dilemmas van ons tyd.

Ons word egter ook met ander vorme van tuisteloosheid oorweldig: 'n verlies aan die gevoel van tuiskoms omdat die wêreld waarin onsself bevind ons al hoe minder toelaat om waarlik tuis te wees. Individuele outonomie, om onafhanklik te wees en sonder ander klaar te kan kom, word hoog op prys gestel (selfs al bestaan "huis" ook uit ons verhoudings met ander), en die pas van die lewe versnel byna elke jaar (ons is nooit meer werklik "af" nie). Die Duitse sosioloog Hartmut Rosa skryf dat sosiale versnelling een van dié kenmerke van moderniteit is en dat hierdie lewenspasversnelling wat alle dele van ons menswees raak, tot vervreemding lei: vervreemding van die ander en ook vervreemding van die self. Verder, met tegnologie wat toenemend verbeter, is ons altyd beskikbaar en word daar ook voortdurend van ons verwag om elders te wees (al is ons by die huis).

Tuisteloosheid en die Bybel

Wanneer ons na die Bybel kyk, is hierdie gevoel van ontuis-wees reeds van die begin af deel van die mens se bestaan en ons geloofsverhaal. Hierdie hunkering na 'n tuiste begin as't ware met Adam en Eva wat uit Eden, hul tuiste, verban word en daarna is dit 'n deurlopende tema wat in byna elke verhaal voorkom: ons dink byvoorbeeld aan die verhale van Abraham, Josef, en Moses en die Israeliete wat vir 40 jaar in die woestyn swerf. Daar is natuurlik ook die ballingskap waartydens God se volk uit Jerusalem weggevoer word en as ballinge en vreemdelinge leef. Wanneer hul dan wel terug kom, maak eers die Perse, dan die Grieke en later die Romeine 'n werklike tuiskoms nie vir die Jode moontlik nie. Die bladsye van Ou Testament is gevul met mense wat ontuis is en hulle verlange na 'n huis, 'n eindbestemming, uitspreek.

Die evangelie van Johannes

Te midde hiervan, lees ons dan in die evangelie van Johannes van die Woord (wat reeds van die begin af by God was, wat self God was, waardeur alles tot stand gekom het en wat lewe en lig was) wat mens, vlees, word en hier onder ons kom woon. Die Griekse woord wat in Johannes 1 vers 14 gebruik word, die woord *eskenosen,* sê dat Christus, as die Woord van God, as't ware sy tent by ons kom opslaan het, dat Hy hier sy woning kom maak het.

In 'n wêreld waar ons dikwels vervreemd voel van ons omgewing, van ander, van onsself en ook dalk ten diepste van God, maak God sy tuiste ook hier by ons. Reik God in Christus na ons uit, sien Hy ons raak, en rig Hy 'n uitnodiging aan ons om tuis te kom by Hom. 'n Mens kan selfs sê dat Jesus se hele bediening in 'n sekere sin oor tuiskoms gaan.

Twee tuiskomste

Ons leef vandag tussen die twee komste van Christus in die spanningsveld van wat reeds is en wat kom. Aan die een kant weet ons dat dieselfde Jesus wat onder ons kom woon het, opgevaar het na die hemel en aan die regterhand van God sit. Dat Hy daar, soos in Johannes 14 staan, besig is om vir ons plek voor te berei. Ons kan weet dat daar aan die einde van dae 'n finale tuiskoms sal wees, 'n dag waar ons finaal by God sal wees. Ons bly daarom, tot dan, vreemdelinge en bywoners, pelgrims onderweg na ons finale tuiste.

Aan die ander kant kan ons egter ook sê dat omdat God vlees geword het en teenwoordig is in ons lewe (deur die werk van die Heilige Gees wat ons lei, vertroos en bewaar) ons nou reeds oomblikke van diepe tuiskoms kan beleef. Hierdie oomblikke van tuiskoms is alles voorsmake van die groot tuiskoms aan die einde van tyd wat nou reeds deurbreek. In 'n wêreld en tyd waar ons van een plek na die volgende jaag, kan ons onsself daarom oopstel vir hierdie oomblikke van tuiskoms en dit as geskenke uit God se hand ontvang.

'n Uitnodiging

Ons word ook uitgenooi en deur die Gees aangemoedig om ook hierdie voorsmaak, hierdie tuiskoms, vir ander te wees. Daar word van ons gevra om mense en hulle uitdagings, pyn en lyding raak te sien, om in solidariteit met hulle te staan, om uit te reik na hulle, om ons tafels langer te maak, en om mense in te nooi om sodoende iets van God se gasvryheid en tuiste met hulle te deel. Ons word genooi om 'n koelteboom, 'n rusplek, te wees vir diegene wat self ontuis is – ook dalk weens sisteme van hierdie wêreld wat hulle uitsluit, uitput en vervreem.

Die ware tuiskoms

Die kerkvader Augustinus skryf in die inleiding van sy belydenisse die woorde – wat as antwoord vir alle weghol-harte dien – dat ons aan God behoort, dat ons gemaak is vir God en dat ons harte onrustig bly totdat dit rus vind by God. Dit is die ware tuiskoms. Eendag... maar ook nou.

'n Paar vrae vir nadenke:

- Wat beteken dit vir jou om "tuis" te wees? Wat laat jou tuis voel? Wat laat jou ontuis voel?
- Wat staan vir jou uit in Johannes 1:1-18? Wat beteken dit vir jou en jou geliefdes dat God mens, vlees, geword het en "onder ons kom woon het"?
- Waar en wanneer het jy gedurende die grendeltyd 'n belewenis van tuiskoms gehad?